Kantoor
Vredenhof,
Hoofstraat, Noorder-Paarl, 7646
Posbus 569, Cape Gate, 7562
Ariana: info@cbmc.co.za, 076 543 0316
Harm: harm@cbmc.co.za, 084 941 2410
Frik: frik@cbmc.co.ca, 083 738 0542
Faks: 086 524 7941
www.cbmc.co.za

Nuus en Gebedsbrief
12 Februarie 2018

Volg My…

Ons kyk na die onderstaande 4 gedeeltes in die Bybel wat goed aansluit by ons bediening in CBMC:

- Jy moet God liefhê - Mat 22:37
- Jy moet jou naaste liefhê - Mat 22:39
- Gaan maak dissipels - Mat 28:19
- Met die krag van die Heilige Gees - Hand 1:8

Vervolgens kyk ons na: *Jy moet jou naaste liefhê* - Mat 22:39

Gestel ons kyk na naasteliefde op 'n skaal van +10 aan die een kant en -10 aan die ander kant. Dan lyk dit so:

- Ons naaste wat maklik is om lief te hê is my liefdevolle vrou en pragtige kinders, my vriende, dié van wie ek hou. Hulle is nader aan die +10 kant (tussen +6 tot +10).
- Dan is daar dié wat ek met tye liefhet, +1 tot so +5.
- Dan my naastes wat ek maar net verdra. Hulle saam met wie ek werk of wat langs my bly. Jy kan self jou lysie maak. Hulle beweeg na die middel van die skaal -1 tot +1.
- En dan is daar hulle met wie ek gladnie klaarkom nie, en die verste end is hulle wie ek my vyande noem, al is hul my naaste, al werk hulle saam met my of bly langs my. Die -10's.

Wat sê die Woord:

Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Rom 13:9

Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet. Rom.13:10

Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. 1 Petr 1:22

CBMC Bankbesonderhede:- Rekeninghouer: CBMC
Bank: FNB Rekeningnommer: 6236 1233 176 Takkode: 201410

Snap here to pay
SnapScan

"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde..". Ef 4:2

Maar Ek sê vir julle: 'Julle moet julle vyande liefhê , en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg...' Mat 5:44

"Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word" Luk 6:26-27

Ek dink die Woord is baie duidelik oor naasteliefde, maar hoe pas ons dit toe?

Skryf een of twee persone aan wie jy meer naasteliefde kan bewys se naam neer aan die + kant. Miskien is dit 'n familielid of iemand saam met wie jy werk? Neem 'n bewuste besluit om iets konstruktief te gaan doen.

1. ..... 2. .....

Wie verda jy net, maar daar is geen naasteliefde nie. Ef 4:2 sê *in liefde*. Hoe gaan jy jou gesindheid verander sodat dit in liefde gaan wees?

.....

Wie is op die minuskant van jou skaal?

Kry 'n blou gebedkaart en skryf daardie name neer. Vra die Here om vir jou liefde te gee vir hulle in jou hart. Begin daagliks vir hulle bid. Mat 5:44 en Luk 6:35 *"Nee, sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegte."*

Kom ons doen daadwerklik iets om ons naasteliefde te demonstreer. Daardeur bring ons 'n groot verandering teweeg.

"Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde."
2 Kor 6:6

Geseënde week vir jou.

Frik Janse van Rensburg
"Volg my..."

CBMC Bankbesonderhede:- Rekeninghouer: CBMC
Bank: FNB Rekeningnommer: 6236 1233 176 Takkode: 201410

Snap here to pay
SnapScan

VERJAARDAE & KALENDER:

VERJAARDAE:

12de: Joseph Hwang **13de:** Kafua Thaele, Niel Myburgh, Deon Burger, Sarel Bester & Willem Jacobs **14de:** Michiel Erasmus & Richard Catlett **15de:** Paul du Plessis, Leon Fortuin, Martin Rossouw & Jimmy van Zyl **16de:** André Heydenrych & Christo Naudé **17de:** Miekie van Zyl **18de:** Johan Kemp

KALENDER:

- **CBMC Leiersnaweek, Wes-Kaap,** 23-25 Februarie
- **CBMC Leiersnaweek, Noorde,** 9–10 Maart
- **CBMC Uitreik Plaaskombuis (met Warren Elliott),** 29 Maart
- **CBMC & Mighty Men Western Cape Gholfdag,** 6 April
- **CBMC Wêreldkonferensie, Belfast, Ierland** - 21-23 Junie. Gaan doen jou vooraf-registrasie by https://www.belfast2018.co.uk/
  Sien die 1-bladsy **inligtingsdokument** aangaande koste en
  hoe jy moet maak om te registreer van die CBMC Wêreldkonferensie in Ierland.

CBMC Bankbesonderhede:- Rekeninghouer: CBMC
Bank: FNB Rekeningnommer: 6236 1233 176 Takkode: 201410

Snap here to pay
SnapScan